

## Gereformeerde Kerk Bellville – 22 Mei 2016 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit ’n springfontein.”  
En van alle onreinhede / was die HEER sy volk dan rein.  
“Nuwe harte gee ’k aan julle, / en Ek gee ’n nuwe gees;  
’k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee ’n hart van vlees.
- 2 “’k gee my Heil’ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar ’k ’n God sal wees vir julle, / jul ’n volk sal wees vir My.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm Psalm 113:1, 2 (p. 559)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,  
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,  
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!
- 2 Die HEER wat in die hemel woon, / wat bo die wêreldvolke troon,  
is hoog, met heerlikheid omgewe. / Ja, wie is hoog soos onse HEER  
Nogtans sien Hy genadig neer / op wie voor Hom in kleinheid lewe.

Gebed

Psalm 126:1, 3 (p. 622)

- 1 Toe God uit smaad en slawerny / ons uit gevangenskap wou lei,  
was dit vir ons, beklemd deur vrees, net soos ’n blye droom gewees.  
Ons mond was vrolik, ongebonde / ons tong van blydschap in die stonde.  
Selfs heidenvolke het vertel: / Groot is Gods daad aan Israë!
- 3 Wie wenend, onder leed en smaad, / die korrels uitstrooi van die saad,  
sal in die hoggehalmd graan / eerlang verblyd die sekel slaan.  
Al wenend saai hy oor die akker; / maar vrolik word sy saaigraan wakker.  
En eind’lik dra sy nyw’re hand / die volle gerwe van die land.

**Skriflesing:** Romeine 6:15-23; Romeine 7:7-25; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 1

**Kernvers:** Romeine 6:17-18; 7:24-25

**Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid. (Romeine 6:17-18 AFR53)**

**Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (Romeine 7:24-25 AFR53)**

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 5, Artikel 1**

*Hulle wat God volgens sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en*

*slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie.*

### **'n Verduideliking by artikel 1**

Ons kom nou by die vyfde hoofstuk in ons Dordtse Leerreëls. Hierdie hoofstuk dra die titel *Die Volharding van die Heiliges*. Heiliges in hierdie sin is nie supergeestelikes nie. Met *heiliges* word eenvoudig *gelowiges* bedoel – mense wat deur Jesus Christus verlos is en deur die Heilige Gees met die ware geloof in Christus ingelyf is.

Om te volhard met iets beteken om daarmee aan te hou tot die einde toe. In hierdie hoofstuk gaan dit dus oor die volharding in die geloof van die gelowiges. 'n Vraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord sal word, is: Wie neem in die eerste plek die verantwoordelikheid vir die volharding van die gelowiges? Die Here of die gelowige?

Miskien het jy dit al gehoor of, nog erger miskien, het ek en jy self al vir 'n gedoopte kind gesê dat hy 'n kind van die duiwel is omdat hy nie sy ore wil oopmaak en gehoorsaam wil wees nie. Jy het nou al 'n honderd keer mooi met hom gepraat, maar luister wil hy nie. 'n Mens sê moontlik so iets voordat jy mooi gedink het wat jy daarmee sê, want jy is al moedeloos met die ongehoorsame kind.

Ons moedeloosheid is 'n rede hoekom ons so iets sou sê, maar dit is nie 'n verskoning nie. Want as ons mooi nadink oor wat ons vir so 'n gedoopte kind sê, sal ons geskok wees. Omdat die kind gedoop is, leer ons die kind heelyd dat hy die Here se kind is. Die Here het by die doop mos belowe om daardie kind se Vader, Verlosser en Heiligmaker te wees. En deur die geloof sal die kind ook kind van die Here wees. Die kind verstaan dat hy aan die Here behoort. En nou hoor hy skielik dat hy die duiwel se kind is. Hoe kan dit werk? Kan 'n mens een oomblik kind van die Here wees en 'n volgende oomblik is jy 'n kind van die duiwel? Nee, beslis nie!

Dit is die dwaalleraars van die sestiende eeu wat sulke dinge kon kwytraak. Hulle het gesê dat volharding van die ware gelowiges nie die gevolg van die uitverkiesing of 'n gawe van God is nie. Volgens hulle is volharding die voorwaarde waaraan die gelowige moet voldoen voordat hy finaal uitverkies word. Die mens moet van sy kant volhard in die geloof en dan eers sal hy finaal uitverkies wees.

Ons kom eers in artikel 3 van hierdie hoofstuk by die volharding van die gelowiges uit. In hierdie eerste artikel bely ons dat die leer oor die volharding van die gelowiges 'n voortsetting is van die leer van die uitverkiesing. Let op hoe elkeen van die voorafgaande hoofstukke in die eerste sin van hierdie artikel in herinnering gebring word. ***Hulle wat God volgens sy voorneme ... roep*** is die leer in die eerste hoofstuk; ***tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus*** is die leer in die tweede hoofstuk; ***en deur die Heilige Gees wederbaar*** is die leer wat ons in hoofstuk 3 en 4 bely.

Waar die dwaalleraars van die sestiende eeu die fokus op die mens laat val, fokus ons in hierdie hoofstuk en artikel op God en sy werk, soos wat ons gedoen het in die vorige hoofstukke. God roep die mens, Hy verlos die mens deur sy Seun en Hy skenk die weergeboorte deur sy Heilige Gees. Die gevolg van hierdie werk van God aan die mens is dat die mens verlos is van die heerskappy en slawerny van die sonde. Hierdie mens behoort nou aan God, en Jesus Christus is sy Here – sy Eienaar. Hierdie mens kan nie meer die duiwel se kind genoem word nie. Christus het hom met sy kosbare bloed losgekoop van die heerskappy van die duiwel.

In hierdie lewe – solank as die gelowige nog hier op die aarde lewe – het God hom nog nie heeltemal van sy bedorwe natuur en bestaan verlos nie. Die gelowige is nog nie sondeloos nie, want sy natuur is nog nie heeltemal nuut en heilig gemaak nie.

**Tema:** Verlose mens, maar 'n strydende mens

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, noudat ons sover gevorder het aan die hand van ons Dordtse Leerreëls weet ons verseker dat wanneer die Here sê dat Hy liefhet, dit nie maar net 'n aangename warm gevoel in sy hart is nie. Die Heilige Gees leer ons uit die Woord dat liefde by God 'n aksie is. God het sondaars lief. Hy het mense lief wat met 'n verskriklike haat teen Hom in hulle harte gebore word. En Hy begin alles en hou vol daar-mee totdat die sondaar ook sê dat hy die Here van harte liefhet.

Ons bely in hierdie artikel nog 'n keer van hierdie liefde van die Here vir sondaars en hoe sy liefde Hom tot aksie laat oorgaan. Uit genade roep Hy mense deur die evangelie van Jesus Christus na Hom toe. Hy wil sy liefde aan hulle bewys en gee, en die enigste manier hoe mense by God kan kom en kan deel hê aan sy liefde is deur Jesus Christus. Daar is nie

'n groter liefde as die liefde wat Christus teenoor sondaars geopenbaar het nie. Hy het sy lewe vir hulle afgelê. Maar die liefde wat Christus aan sondaars betoon bly nie net 'n daad buitekant hulle en ver van hulle af in tyd en ruimte nie. God bring sy liefde vir sondaars in hulle harte en siele in. Die Heilige Gees neem sy intrek in die harte van daardie mense vir wie Christus die hoë prys aan die kruis betaal het. Hy skenk aan hulle die weergeboorte en maak die verlossing van Christus hulle eiendom.

Die gevolg van hierdie werk van God met en in die mens is dat die mens verlos is. As ons dan bely dat God mense verlos van die heerskappy en slawerny van die sonde, beteken dit dat ons tegelykertyd bely dat die verlose mens in 'n stadium onder die heerskappy en slawerny van die sonde geleef het. Dit is presies wat die Here ons hier in Romeine 6 leer.

Paulus noem in die twee verse in Romeine 6 dat daar 'n verandering van eienaarskap oor die gelowiges in Rome gekom het. Vroeër was hulle diensknegte, of eerder slawe, van die sonde, maar nou is hulle slawe van geregtigheid. 'n Slaaf behoort nie aan homself nie. Hy behoort aan die een wat hom gekoop het of die een aan wie hy homself onderwerp het. Die verandering van eienaarskap oor die gelowiges is so volledig dat Paulus met 'n loflied aan die Here begin: **Ons dank God!**

Destyds was daar verskillende maniere waarop mense slawe geword het. Twee daarvan was: Jy gee jousef as slaaf aan iemand vir wie jy geld skuld of omdat jy so arm geword het dat jy nie meer vir jousef kan sorg nie. Jy werk dus as slaaf vir die een aan wie jy jou onderwerp vir kos en huisvesting. Die ander manier is wanneer iemand jou as slaaf op 'n slawemark koop.

Gelowiges was eers slawe van die sonde. En die ergste is dat die mens homself vrywillig aan die verslaving van sonde oorgegee het. Dit was nie dat dit vir die mens sleg was by die Here nie. Die mens was ook nie arm of in die skuld nie. Adam en Eva het somer vrywillig en moedswillig hulleself aan die duiwel se praatjies oorgegee. So het dit gebeur dat die hele mensdom in die slawerny van die sonde beland het. Die sonde is egter 'n ongenaakbare eienaar, want sonde voer 'n heerskappy oor die mens. Eintlik verkeer die mens onder die tirannie van die sonde, want die eindpunt van hierdie slawerny is die ewige skeiding tussen die mens en God wat die lewe is.

Die bekering van die mens is die oordrag van eienaarskap. Hierdie oordrag het vir die

gelowiges in Rome plaasgevind toe hulle **van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan hulle oorgelewer is**. In hierdie kort sinnetjie is die hele bekering van die gelowige saamgevat – die roeping van God tot uiteindelik weergeboorte en nuwe lewe van die Christen.

Die ongewone manier waarop dit geskryf staan, trek 'n mens se aandag. In ons vertaling staan geskryf dat die voorbeeld van die leer aan die gelowiges in Rome oorgelewer is. Maar wanneer 'n mens dit direk vertaal, klink dit so: *Maar julle het van harte gehoorsaam geword aan die voorbeeld van die leer waaraan julle toevertrou is*. Die gelowiges in Rome is aan die Woord oorgegee en nie die Woord aan hulle nie. Christene word nie meesters van die Woord nie. Christene word gevorm deur die Woord van God.

Met die Woord van die Here bewerk die Heilige Gees die radikale verandering binne-in die mens sodat hy nie net glo dat Jesus Christus vir sondaars aan die kruis gesterf het nie, maar dat hy ook, deur die werking van die Heilige Gees, die waarheid van Christus se sterwe aan die kruis aanvaar en vertrou dat Christus ook vir hom gesterf het. Daarom lei die Heilige Gees die bekeerde mens tot onderwerping en gehoorsaamheid aan die Here. Die bekeerde mens leer self om Jesus Christus se eienaarskap oor hom te erken en te bely. Die gelowiges erken en bely dat Jesus Christus hulle Here is – hulle Eienaar – omdat Hy hulle losgekoop het uit die heerskappy en slawerny van die sonde.

Gevolglik is die gelowige **vrygemaak van die sonde**. Wanneer 'n mens dit so hoor, besef jy nie altyd wat eintlik gebeur het nie. Wanneer die Heilige Gees 'n mens vanuit die ryk van die duisternis deur die bloed van Christus oorbring in die koninkryk van God in, beteken dit dat die sonde glad en geheel nie meer seggenskap oor die gelowige het nie. Hierdie vryheid is nie maar net 'n belofte van iets wat eers in die toekoms gaan gebeur wanneer Christus terugkom nie. Dit is 'n werklikheid nou in die lewe van elke ware gelowige. Die gelowige is deur God verlos van die heerskappy en slawerny van die sonde.

Christus het aan die kruis oor die Satan en die sonde getriomfeer. Dit sê nie dat daar nie meer sonde is nie, maar sonde is nie langer die gelowige se baas nie. Daarom is sonde doen of die ingee vir verleidings nie meer 'n onvermydelikheid nie. Vrygekoop uit die greep van die duiwel beteken dat die mens nie meer vir die sonde hoef in te gee nie.

Indien ons belydenis in artikel 1 net die eerste sin sou gehad het, sou 'n mens kon aflei dat die mens miskien dan nou glad nie meer kan sonde doen nie. In Romeine 6 word gelowiges opgeroep om elke deel van hulle liggame in diens van God te stel om heilig te lewe. Hierdie oproep staan vas op die feit dat God die gelowiges vrygemaak het van die sonde.

Maar nou weet ons uit ondervinding dat dit nie so maklik is nie. Dit werk nie in die lewe van 'n gelowige so dat hy nou vry is van die sonde en nou nooit weer sonde sal doen nie. Daar is erge verleidings in hierdie wêreld. Die duiwel aanvaar nie goedsmoeds die nederlaag wat hy op Golgota gely het nie. Hy por die wêreld aan om die gelowiges te verlei sodat hulle weer kan sonde doen en hy hulle miskien kan terugwen.

As dit maar net die verleidings van die wêreld was waarmee die duiwel gelowiges aangeval het, was dit miskien moontlik dat gelowiges weerstand sou kon bied teen die aanvalle van die wêreld. Ongelukkig is die duiwel en die wêreld met sy verleidelikhede nie die enigste vyande van die gelowige nie. Daar is 'n derde vyand en dit is seker dié een wat die moeilikste is om te weerstaan. Dit is die gelowige se eie sondige natuur, want die Here het **in hierdie lewe die gelowiges nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan**

## **verlos nie.**

In Romeine 7 verwoord Paulus die frustrasie van elke gelowige. Elke ware gelowige wat die vreugde van die verlossing deur Christus en sy barmhartige koningskap leer ken het, wil graag die goeie doen. Die Heilige Gees vernuwe sy hart en wil sodat die gelowige self ook, in pas met die Heilige Gees, in die voetspore van Jesus Christus wil volg om God te ver-heerlik. Maar so baie maal bly die begeerte om die goeie te doen ook net 'n voorneme en word nie 'n werklikheid dwarsdeur een dag in sy lewe nie. Die gelowige wil die goeie doen en terselfdertyd is die kwaad by hom. Hy dra nog die kwaad in homself. Die ou sondige natuur is in sy hele menswees verweef.

Die nuwe mens wat die Heilige Gees in die gelowige opwek is nog nie deur sy hele wese versprei nie. Alhoewel die Heilige Gees die mens se verstand verlig het, sy hart besny het en nuwe eienskappe in sy wil uitgestort het in die binneste dele van die sondaar, moet al hierdie werk van die Heilige Gees ook nog by elke deel van die mens se liggaam uitkom. Daarom skryf Paulus dat hy in sy innerlike mens vreugde vind in die wet van die Here, maar sy lede – die buitenste ledemate – is nog nie ten volle aan die wet van God onderwerp nie. Die ou sondige natuur wil nog daar heerskappy voer. En so dikwels voer die lede dan stryd teen die innerlike mens.

Daar is heeltyd 'n oorlog tussen wat die ou sondige natuur wil doen en wat die gelowige in sy hart en wil weet wat reg is in die oë van die Here. Geliefdes, elkeen van ons ken daardie voortdurende stryd. Jou oë sien iets, of jou ore hoor iets, jou tong proe iets en dadelik is die ou sondige natuur al springende op jou en por hy jou aan verder te kyk, te hoor of te proe. In jou hart weet jy dat jy nie aan hierdie gepor mag toegee nie, want dan gaan jy teen God se wil in vir jou lewe. Jy gaan die Heilige Gees bedroef, want jou ou natuur por jou aan om sonde te doen.

Dit is asof Paulus dit dan kliphard uitroep:

**Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?**  
(Romeine 7:24 AFR53)

Dit is oor hierdie swakheid wat gelowiges aankleef dat Jesus ons geleer het om te bid: *Ons Vader wat in die hemel is, laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose. Ons is te swak om self staande te bly teen die aanhoudend aanvalle van ons vyande. Versterk ons deur u Heilige Gees sodat ons in hierdie geestelike stryd staande kan bly totdat ons uiteindelik die oorwinning ten volle behaal. Ons dank U dat ons tot nou toe kon staande bly in die krag van u Seun Christus.*

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1,3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,  
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.  
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!  
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
22 Mei 2016